

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

### LES 10: WAT VAN BUITE BY DIE MENS INGAAN

#### INLEIDING

1. Die oorlewering (tradisies en leringe) van mense is geneig om die onderrig en instruksies van YHVH te oorheers (Matt. 15:3 en 4; Mark. 7:8 en 9; Kol. 2:8). So ook het die meerderheid vertalings van die Skrifte 'n anti-wet (anti-Torah), en sommige selfs 'n anti-semitiese, benadering. Die meerderheid vertalings is deur 'n Helenistiese denke oorheers en daar is meesal weinig begrip van die Hebreeuse denke en kultuur.
2. Die gevolg van bogenoemde is dat sommige teksverse 'n swak vertaling, en selfs 'n verkeerde vertaling van die oorspronklike teks is. Een so 'n voorbeeld vind ons in Mark.7:18 en 19.

*En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?*

(Die Bybel in Afrikaans, 1933)

3. Hierdie Skrifgedeelte word dan ook gebruik as sogenaamde bewys dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is en dat die mens enige soort vleis mag eet. Daarom sal sommige vertalings dit dan ook so stel, byvoorbeeld:

*Hy sê toe: "Kan julle dit ook nie verstaan nie? Besef julle nie dat al die kos wat van buite af in 'n mens se liggaam kom, hom nie onrein kan maak nie? Dit kom nie in aanraking met sy hart nie want dit gaan in die maag in en later weer uit die liggaam uit." Daarmee het Jesus gewys dat 'n mens enige soort kos mag eet.*

(Die Lewende Bybel, 1982)

*Hy sê toe vir hulle: "So, dan verstaan julle dit ook nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?" Daarmee het Hy alle kos rein verklaar.*

(Die Bybel, Nuwe Vertaling, 1983).

4. Sommige Engelse vertalings is soortgelyk as die bogenoemde, byvoorbeeld:

*"Are you dull?" he asked. Don't you see that nothing that enters a man from the outside can make him unclean? For it doesn't go into his heart but into his stomach, and then out of his body." (In saying this, Jesus declared all foods "clean") (NIV Study Bible, 1985).*

*"You are no more intelligent than the others," Jesus said to them. "Don't you understand? Nothing that goes into you from the outside can really make you unclean, because it does not go into your heart but into your stomach and then goes on out of the body." (In saying this, Jesus declared that all foods are fit to be eaten.) (Good News Bible)*

5. Aangesien die Skrifte (Bybel) as die waarheid aanvaar word, en die meerderheid mense die kennis van die vertalers vertrou, word die vertaling van Mark. 7:18 en 19 volgens bogenoemde vertalings in die Lewende Bybel en die Nuwe Vertaling, asook ander soortgelyke vertalings, as korrek aanvaar. Volgens bogenoemde vertalings van hierdie Skrifgedeelte het die oningeligte leser rede om te glo dat YHWH se voedselvoorskrifte opgehef is en dat die mens vry is om te eet wat hy wil.
6. Die vraag is egter: Wat is die korrekte vertaling en verklaring van Mark. 7:18 en 19? Hierdie vraag moet veral gevra word in die lig van bogenoemde punt 1, naamlik: Is hierdie vertaling nie gedoen met 'n anti-wet (anti-Torah) siening nie? Soos reeds in Les 1 van hierdie studie bespreek is, is die meerderheid sieninge binne die Kerk dat die gelowige vry van die wet (Torah) is. Uiteraard sal hierdie denke en geloofstandpunt vertalers beïnvloed het.
7. Ons het soveel meer rede om die korrektheid van bogenoemde vertalings te bevraagteken in die lig daarvan dat die laaste gedeelte van vers 19 in beide die NIV Study Bible en in die Good News Bible, asook sommige ander vertalings, in hakies geplaas word, naamlik: *(In saying this, Jesus declared all foods "clean")*. Hierdie word gedoen uit erkenning van die feit dat in die oorspronklike teks dit nie as sulks verskyn nie. Dit is dus 'n aanname wat deur die vertalers gemaak word van wat die skrywer (Markus) bedoel het. Beide Die Lewende Bybel en Die Nuwe Vertaling voeg 'n soortgelyke stelling by, naamlik dat *Daarmee het Jesus gewys dat 'n mens enige soort kos mag eet*.
8. Die vraag is dus: Wat het Markus dan bedoel in teksverse 18 en 19. Verwys hy hier na die voedselvoorskrifte, met ander woorde wat geëet en nie geëet mag word nie of is die kwessie van die mens se hartsgesindheid ter sprake? Die doel van hierdie les is om klarigheid aangaande hierdie kwessie te gee.

## ANDER VERTALINGS VAN MARK. 7:18 EN 19

1. Eerstens moet daar ook gekyk word na ander vertalings van hierdie teksverse, soos byvoorbeeld die volgende:

*And He said to them, "Are you also without understanding? Do you not perceive that whatever enters a man from outside is unable to defile him, because it does not enter his heart but his stomach, and is eliminated, thus purging all the foods?" (The Scriptures, 1998)*

*En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein? (Woord en Getuienis)*

2. Wanneer daar spesifiek op die vertalings van vers 19 gelet word, sien ons die volgende:

*The Interlinear Bible: This is because it does not enter into his heart, but into the belly, and goes out into the waste bowl, **purging all the foods.***

*KJV and Darby's New Translation (DNT): Because it entereth not into his heart, but into the belly, and goeth out into the draught, **purging all meats?***

*YLT (Young's Literal Translation): because it doth not enter into his heart, but into the belly, and into the drain it doth go out, **purifying all the meats.'***

3. Let wel dat nie een van bogenoemde vertalings die volgende ingevoegde woorde (tussen hakies) bevat nie: *Daarmee het Hy alle kos rein verklaar (In saying this, Jesus declared that all foods are fit to be eaten)* of iets soortgelyk nie. Inteendeel dit beskryf 'n suiwerings-, skoonmaak- en reinigingsproses as deel van wat Yeshua gesê het. Hiervolgens is dit duidelik dat wat Yeshua Messias na verwys het, is die normale proses van vertering wat in die mens se liggaam plaasvind, naamlik dat voedsel ingeneem word en dat 'n gedeelte na vertering deur die liggaam uitgeskei word as "afval". Die liggaam word dus gereinig van die oorblyfsels van die verteerde voedsel.
4. Bogenoemde vertalings (The Interlinear Bible, KJV; DNT en YLT) word taalkundig as die naaste aan die oorspronklike Skrifte beskou. Die rede hoekom verskeie ander vertalings van die Bybel die ingevoegde woorde

bevat is, soos reeds genoem, weens 'n anti-Torah standpunt en dus sekere vooroordele.

### **MARKUS 7:18 EN 19 VOLGENS DIE COMPLETE JEWISH BIBLE.**

1. Dit is wel interessant om te let op die vertaling van Mark. 7:18 en 19 soos in die Complete Jewish Bible deur Dr David H. Stern voorkom en wat 'n vertaling uit 'n Hebreeuse oogpunt is:

*He replied to them, "So you too are without understanding? Don't you see that nothing going into a person from outside can make him unclean. For it doesn't go into his heart but into his stomach and it passes out into the latrine (Thus he declared all foods ritually clean).*

2. In sy *Jewish New Testament Commentary* gee David Stern 'n verduideliking vir die ingevoegde woorde van Yeshua. Kortliks kom dit op die volgende neer:

- ❖ Markus se verduideliking van die rituele (voorskriftelike) handwassing volgens **Joodse gebruik** kom ooreen met wat in die *Mishna* (mondellingse Torah) beskryf word. Die rituele handwassing voor 'n maaltyd deur ortodokse Jode het niks met higiëne te doen nie. Dit berus op die beskouing dat 'n mens se woning (sy huis) 'n tempel van YHVH is, die eetkamer tafel die altaar, die voedsel die offerhande en hyself die priester. Op grond van die feit dat die Tanakh (ou testament) van die priester vereis om seremonieel rein te wees alvorens hy op die brandofferaltaar van die Tempel offer, word geglo dat dieselfde geld ten opsigte van die eet van 'n maaltyd en daarom die gebruik van handwassing. Hierdie is dus 'n gebod wat deur mense ingestel was.
- ❖ Yeshua was nie as sulks gekant teen die tradisie van rituele handewas nie, want daar is voorbeelde van tradisie wat Yeshua self gevolg het (Joh. 7:37 tot 39 tydens die fees van Tabernakels en die lewende water seremonie as voorbeeld). Tradisie mag egter nie die onderrig en instruksie (Torah) van YHVH vervang of tot niet verklaar nie (Mark. 7:6 tot 8; Matt. 12:2 tot 11). Daarom het Yeshua alle voedsel rein verklaar, selfs vir diegene wat nie die rituele handwassing voor 'n maaltyd ondergaan het nie. **Maar onthou:** Die voedsel verwys hier na dit wat volgens Torah toelaatbaar is om geëet te word.
- ❖ Markus hoofstuk 7 handel oor die oorlewering van mense (mondellingse wette) versus dit wat Torah verklaar. Yeshua Messias het nie die Fariseërs se oorlewering as sulks verbied nie, maar bevestig dat dit te alle tye en in alle omstandighede onderhewig aan Torah (die geskrewe Woord) moet wees (Joh. 7:22 tot 24 as voorbeeld). Die voedselwette van YHVH word dus nie in hierdie

hoofstuk bespreek nie, maar wel die feit dat die Fariseërs mensgemaakte wette bo die wet van YHWH stel. Yeshua verduidelik aan hulle dat reinheid nie soseer ritueel of fisies is nie, maar wel geestelik.

- ❖ Ten slotte maak Dr David Stern die volgende opmerking verwysend na vers 19: *The Greek text at this point is a dangling participial clause, literally, "cleansing all the foods." There is no "Thus he declared"; I have added these words for the sake of clarifying the one meaning I believe this passage can have, namely, that it is Mark's halakhic summary of Yeshua's remarks.*

### **MARKUS 7:18 EN 19 IN KONTEKS GESIEN**

1. Soos voorheen genoem moet 'n bepaalde teksvers(e) altyd in konteks met die voorafgaande verse gelees word, asook in konteks van wat die Skrifte in geheel oor die bepaalde onderwerp sê. Wanneer Markus die sewende hoofstuk gelees word is dit baie duidelik dat die bespreking oor die oorlewering (tradisies, voorskrifte en wette) van mense gaan. Dit word ondermeer deur verse 7 to 9 bevestig:

*Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.*

2. Die voedselvoorskrifte van YHWH is nie gebooie van mense nie en so ook nie die verdeling van diere as rein en onrein nie. Dit is instruksies wat YHWH van die begin af vir die mens gegee het soos reeds in vorige hoofstukke bespreek is. Daar word nie na die eet van rein of onrein diere in hierdie hoofstuk (Mark 7:1 tot 23) verwys nie, maar die kwessie gaan oor Yeshua se dissipels wat deur die Fariseërs beskuldig word dat hulle eet sonder om hulle hande ritueel te was. Hierdie voorskrif kom egter nêrens in Torah voor nie en is sodoende ondergeskik aan Torah.
3. Die kernboodskap van Markus 7:1 tot 23 is die feit dat dit wat uit die mens se hart kom is dit wat die mens rein of onrein maak (vers 20 tot 23). Dit gaan dus oor die mens se hartsgesindheid. Dit gaan nie oor die wette van mense nie, maar wel oor die wette van YHWH, want Hy is ons Wetgewer (Jak. 4:12).
4. Is jy gehoorsaam aan YHWH of aan mense? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (Matt. 12:35; Matt.15:8). Dit wat in die mens se hart is, naamlik die mens se gesindheid teenoor YHWH se wette (Torah), bepaal of die mens tussen rein en onrein sal onderskei, asook tussen afgesonder en

onafgesonder en tussen reg en verkeerd, en of hy as geregvedigde in Yeshua volgens Vader-God se onderrig en instruksies sal lewe.

5. Yeshua het nie met sy kruisdood die voedselwette (*kashrut*, naamlik die Skriftuurlike voedselvoorskrifte) opgehef nie. Dit het ons nou reeds in vorige lesse van hierdie studie ook bespreek. Hierdie les bevestig dit dan ook.

### **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Lees Jes. 66:17 en Fil. 3:19. Wat gebeur met die wat ongehoorsaam is en wie se afgod hulle maag is?
2. Alle plante en diere is met 'n doel geskape, maar alles is nie geskape met die doel om dit te eet nie.

Shalomgroete tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*